

# Onse Liewe Vrou van Afrika

## 30 April

Die Heilige Familie het tydens hul ballingskap ’n veilige tuiste in Afrika gevind en die Christendom se wortels in Afrika gaan terug na die Vroeë Kerk toe Noord-Afrika soveel heiliges en teoloë opgelewer het en in Egipte en Etiopië bestaan daar ’n ononderbroke Christelike aanwesigheid wat teruggevoer kan word na die eerste eeue van ons jaartelling. Toe Franse sendelinge in die 19de eeu Algerië binnegetrek het, het die Sodaliteit van Onse Liewe Vrou in Lyons ’n brons beeld van die Onbevlekte Ontvangenis aan die eerste biskop gegee met die voorwaarde dat sy as Beskermvrou van beide die plaaslike Moslems en Christene aangeroep moes word. Later het kardinaal Lavigerie ’n imposante basiliek in Algiers laat bou waar dié beeld ’n tuiste gevind het en gekroon is as Onse Liewe Vrou van Afrika. Dit is nog steeds ’n pelgrimsoord waar Christene en Moslems kom bid en Maria se voorspraak aanroep.

© Die Oratorium Uitgewery